*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 29 Maart 2026**
**PALMSONDAG**

**Wanneer jy besef wat vir jou vrede bring...**

*"Toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy oor haar gehuil en gesê: 'As jy maar op hierdie dag dié dinge besef het wat vir jou vrede kan bring!*
*...omdat jy nie hierdie beslissende tyd toe God jou besoek het, herken het nie.'"*
(Lukas 19:41 & 44)
*"...'Kyk, Ek dryf vandag en môre nog demone uit en maak mense gesond, en op die derde dag bereik Ek my doel.*
*Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en dié stenig wat na jou gestuur is! Hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke, maar julle wou nie!'"*
(Lukas 13:32 & 34)

Versigtig en met eerbied moet hierdie woorde gelees word, want hierin is die hart van God ontbloot; heilig in toorn, en trane, en hoop. Ten minste by twee geleenthede kry ons 'n kykie in die hart van God wanneer Hy na Jerusalem kyk. Hier in Lukas 13 en weer in Lukas 19, op Palmsondag, die Sondag voor die Vrydag van die kruis. By beide geleenthede is die hart van God nie bitter of verwytend nie, maar stukkend oor sy volk se ongeloof en verlorenheid…

In Lukas 13 sien ons 'n ander kant van Jesus se hart. Daar was nie baie geleenthede waar Jesus hard teenoor mense opgetree het nie, maar vir Herodes Antipas het die Seun van God bitter min tyd. Dit is ook duidelik wanneer Pilatus vir Jesus na Herodes stuur – Jesus het nie 'n enkele woord met Herodus gepraat nie (Luk. 23:9). Was dit oor Johannes die Doper se moord? Of was Herodus die Koning wat God se volk na Christus moes lei, juis die een wat hulle weggelei het?

Jesus se boodskap aan Herodus is vol belangrike merkers (13:32-33). Dit vertel van drie dae, waarvan twee "werksdae" vir Jesus sou wees. Dae van genesing en bevryding, maar dag drie is anders – dag drie is voltooiing van sy doel. Jesus kondig weer sy dood aan, maar dit is nie Herodus wat Jesus sal doodmaak nie. Jesus is op 'n ander skedule, Jesus is op God se reddingsprogram en dag drie is die dag van voltooiing, van oowinning, van volbringing. Die voltooiing van Jesus se reddingswerk sou vir soveel vrede bring, vergifnis en lewe, maar vir Jerusalem...verwoesting, veroordeling, verwydering van God. Dit breek God se hart. Dit, omdat hulle nie die tyd toe God hulle besoek het, herken het nie.

**– ds. Johan Marais.**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

## LITURGIE

| | | |
|---|---|---|
| **Toewydingslied:** | Lied 469:1 & 2 O diepte van die rykdom | |
| **Votum:** | Luk. 19:38 | *"Geseënd is die Koning, Hy wat kom in die Naam van die Here!..."* |
| **Seëngroet:** | Luk. 2:14 | *"Eer aan God in die hoogste, en vrede..."* |
| **Loflied:** | Lied 370:1, 2, 4 & 5 Eng'le uit die hoogste hemel | |
| **Hoe moet ons na God gaan?** | Luk. 18:9-14 Die fariseër en die tollenaar | |
| **Verootmoediging:** | Lied 384 (Beurtsang: 1 - Mans, 2 – Vroue, 3 – Almal) | |
| **Genadeverkondiging** | | |
| **Danklied:** | Lied 510:1, 3 & 4 Genade onbeskryflik groot | |
| **Samevatting van die wet:** | Matt. 22:35-40 | |
| **Epiklesegebed** | | |
| **Skriflesing:** | Lukas 13:31-35 & 19:35-44 | |
| **Woordverkondiging:** | Tema: Wanneer jy besef wat vir jou vrede bring... | |
| **Gebed** | | |
| **Liefdegawes** | | |
| **Palmsondag** | Mark. 11:7-11 | |
| **Uitdoof van die sesde Lydenskers** | | |
| **Slotlied:** | Lied 385:1 & 2 Loof, loof die Here, dis volbring | |
| **Seën, Amen en Orrelnaspel** | | |

Jy is welkom om met die orrelnaspel weer te sit en nog 'n oomblik van nadenke te geniet.

**Ander Eredienste:**

Sondag, 29 Maart  15:00 – Teol.Std. Steve Popane (Sothodiens).

*GROOT LYDENSWEEK EN PASE 2026*
*(sien program agterop Fokus)*

| | |
|---|---|
| Donderdag, 8 April | 11:00 – Teol.Std. Mia de Jager (Siësta Biduur) |
| Sondag, 12 April | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Gesamentlik) |
| | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Aanddiens |

**Hierdie is ds. Jan Lubbe se afnaweek.**

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 29 Mrt. | Henry Denner, Roelof Jacobsz, Alice Janse van Rensburg, Rynhardt Janse van Rensburg, Lana Loots, Helé Samuel en Yvonne Theunissen. |
| 30 Mrt. | Anna-Marie Herbst, Willemien Smuts en Carli van Staden |
| 31 Mrt. | Juane-Mari Janse van Rensburg en Liesbeth Swiegers. |
| 01 Apr. | Quilly Jacobs, Ethan Rabie en Karli van Heerden |
| 02 Apr. | Denise Cilliers, Reynders Greyling, Liné Grobler, Lienkie Marais en Henco van der Westhuizen. |
| 03 Apr. | Amanda van Zyl. |
| 04 Apr. | Johan de Beer, Henry Heennop, Hanroux Loots, Jacquélle Malan, Eric Nel en Elsje Spies. |
| 05 Apr. | Riana Foord, Elouise Fourie en ES Relling. |
| 06 Apr. | Mia Griesel, Frik Pelser, Brink en Marieta Visser. |
| 07 Apr. | André Greyling en Madeleine Schulenburg. |
| 08 Apr. | Henco Botha, Martin Engelbrecht, Ockie Fourie, Hentie Norval, Johan Snygans en Juanique van Zyl. |
| 09 Apr. | Marelize Marais. |
| 10 Apr. | Hercules Malan, Amore Pietersen, Yolandi Pietersen, Lindi van der Walt, Steyn van der Walt en Lia van der Westhuizen. |
| 11 Apr. | Attie Boshoff, Vicky Grobler, Wian Joubert, Dewald König en Alta van Rensburg. |

Komende Saterdag, 4 April, tree Ulie Grobbelaar en Shannon Knoetze in die huwelik; ons bid hul daarin God se seën toe.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Ansie Barnard (Genl Cronjéstr 38, wyk 9); André Greyling (Serenitas 37, wyk 15); Sheila Prinsloo (Serenitas 160, wyk 15) en prof Danie Strauss (Kapt. Goodmanstr. 3, wyk 1b). Ons dink aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe.

*Ons bid in besonder vir die Marais-gesin: Hierdie week is ook Lienkie se verjaarsdag, en ons bede is dat dit vir haar en ds. Johan en hulle as familie 'n dag van saamwees in teenwoordigheid van die Here sal wees.*

Vir Pastorale Sorg in hierdie tyd: Kontak ds Jan Lubbe (082 784 9362).

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Daar is nie volgende week gewone Bybelstudiebyeenkomste nie; ons hervat weer op 8 en 9 April 2026.

## KERKRAADSAKE

**Verkiesing van Kerkraadslede:** Tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering op 22 Maart, is Lihan Botha en Herman Stapelberg as diakens verkies, onderskeidelik vir Wyk 1 en 13. Die bevestiging van die nuwe kerkraadslede sal op Sondag, 19 April plaasvind.

**Verlof:**

| | |
|---|---|
| Ds. Janke Hurter | 25 Maart tot 7 April 2026 (by die Taizé-gebedsgemeenskap) |
| Skriba Denise Louw | 1-7 April 2026 |
| Kassier Marthina van Zyl | 2-7 April 2026 |

**Aanstelling van Hulpkoster:**
Die Kerkraad het sr Lindie Botes aangestel as hulpkoster, met ingang vanaf 1 April 2026.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: Maart/April**
In Maart is **Wyke 8** (blok noord van Emily Hobhouse), **9** (blok wes van Hoërskool Sentraal) en **11** (blok suidwes van Johieshof) aan diens vir ons gasvryheid; Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. In **April** help 'n aantal vrywilligers, en **Wyke 12** en **13**. Indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Koragiete se Koffiehuis:** Ons sê dankie vir almal se bydraes, die saamkuier en skenkings: Daar is R 5 755,10 vir die Orrelfonds ingesamel – dankie!

**GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEID**
**Paasliedere by Pick & Pay, Preller:** Lidmate en hul huishulpe en tuinwerkers is welkom om Donderdag, 2 April om 09:45 Paasliedere in die portaal van Pick & Pay te kom sing – kontak dr Andries Hoffman by 072 435 8959) vir meer besonderhede en reëlings.

**Siësta Sorgsentrum se Gesinsdag-Braai:** Vrydag, 10 April 2026 – Kom kuier saam, families welkom; bespreek jou kaartjie (R 30 / worsbroodjie) by 051-436 7871.

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 29 Maart: **ENGO Maatskaplike dienste.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

SnapScan

*GROOT LYDENSWEEK EN PASE 2026*

*Ons nooi alle lidmate uit om hierdie Herfsweek van stiller word, na binnekeer, luister, oordenking en die musiek en simboliek met ons mee te maak:*

| | |
|---|---|
| *Oggendwydings, 30/3 tot 2/4 om 07:00-07:30* | *Lukas 21* |
| *Witte Donderdag, 2/4 om 18:00* | *Lukas 22 (Aandnagmaal* |
| *Goeie Vrydag, 3/4 om 09:00* | *Lukas 23* |
| *Stille Saterdag* | *Lukas 23:56* |
| *Paassondag, 4/4 om 09:30* | *Lukas 24 (Feesdiens)* |